

19 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 21:10-22:23

Fokusgedeelte: 1 Samuel 21:10-15, 22:19-23

Dawid se onwaardige vlug na die Filistyne

Om van Saul af weg te kom vlug Dawid na sy aartsvyande, die Filistyne, toe. Wat hom besiel het om dit te doen, weet ons nie. Het hy miskien gedink hulle sou hom teen Saul help? Wel, dan het hy hom deeglik misgis. Toe hulle hom wil vang, hou Dawid hom waansinnig. Vir waansinnigheid was die Filistyne baie bang, omdat hulle van mening was dat so 'n mens van 'n vreemde god besete was. Daarom het hulle hom weggejaag.

Watter onwaardige optrede is dit nie vir 'n koning in wie die Gees van die Here kragtig gewerk het! Ja, Dawid se kleingeloof het hom ingehaal, maar nie net sy kleingeloof nie, ook sy leuens wat hy vir Agimelek vertel het. Want toe Saul verneem dat Agimelek vir Dawid gehelp het, slaan hy in blinde woede vyf en tagtig priesters dood en wis 'n hele dorp uit. Net een priester, Abjatar, kon na Dawid toe vlug.

Wat doen Dawid as hy so in die diepte verkeer? Hy bely in Psalm 34 (die Psalm wat hy gedig het nadat die Filistyne hom weggejaag het) sy leuens wat hy vertel het (14). Hy roep smekend om genade (7), en hy jubel dat God sy sondes vergeef het (19). Nie net vergeef God nie, maar Hy stuur vir Abjatar met die skouerkleed na Dawid, sodat Dawid God se wil kan leer ken.

Is jy en ek ook soos Dawid besig om te vlug? Mag dit dan nie 'n vlug weg van die Here wees nie, maar 'n vlug na die Here toe. Dan wil God in Jesus Christus, deur sy Heilige Gees, ons genadig wees!

Sing: Psalm 34:6,8

Dr CJ Malan (Emeritus)